*UIT DIE PEN VAN DIE CEO (44/23)*
**(Volg my op Twitter justchad_cga)**
*Justin Chadwick 3 November 2023*

***"People who are not from South Africa don't know what this means for our country. Our country goes through a lot. I want to tell the people of South Africa, thank you so much" Siya Kolisi***

**WÊRELDKAMPIOENE**

Baie geluk aan Jacques Nienaber en die afrigtingspan, Siya Kolisi en sy *gladiators*, vir die vasberadenheid wat in die wen van opeenvolgende wêreldbeker-rugbykampioenskappe getoon is – die enigste span wat 4 Wêreldbeker-toernooie gewen het. Dit was die nooit-opgee-houding, die speel vir mekaar, en die wens om iets vir jou land en gemeenskap te doen, wat julle van die res geskei het.

**ALBERT COETZEE AANVAAR ROL VAN BESTUURDER: BEDRYFSAKE BY CITRUS GROWERS' ASSOCIATION (CGA)**

Die CGA is verheug dat Albert Coetzee by die CGA-span in die rol van Bestuurder: Bedryfsake aangesluit het. Hy het op 1 November 2023 begin. Albert vul die vakante rol wat ontstaan het toe Paul Hardman in die onlangse nuwe COO-pos aangestel is. Albert kom met ondervinding in die vrugtebedryf - hy het by 'n geïntegreerde sitrus- en druiwe-uitvoerbesigheid en 'n diensverskaffer wat data aan die vrugtebedryf verskaf (bv. *Benchmarking*), gewerk. Albert sal hoofsaaklik van die Wes-Kaap werk. Sy aanvanklike fokus sal op volhoubaarheidsake en projekwerk binne Visie 260 wees. Hy sal nóú met Paula Bester saamwerk, met Paula wat meer daarop fokus om met die Voedselveiligheidsvereistes tred te hou. Die aard van die pos vereis dat Albert sal regstaan om bedryfskwessies aan te pak soos en wanneer dit opduik. Ons wens Albert alle sterkte toe en sien uit na sy bydrae tot die sitrusbedryf. Albert is getroud met Rhona en hulle het 'n 2-jarige seun.

**SITRUS SEKONDÊRE PROGRAM**

Die Sitrus Akademie het 'n program ontwikkel wat daarop gemik is om leerders by hoërskole in sitrusproduserende streke die geleentheid te bied om 'n kwalifikasie in sitrusproduksie te voltooi teen die tyd dat hulle met skool klaar is. Die program word in 2024 landwyd geïmplementeer, en die skole wat gaan deelneem, is gefinaliseer. Sestien skole sal die program implementeer, in Bonnievale en Riversdal in die Wes-Kaap, Patensie, Kirkwood en Fort Beaufort in die Oos-Kaap, Umzimkulu in KwaZulu-Natal, Kakamas in die Noord-Kaap, en Hoedspruit, Namitwa en Tzaneen in die Limpopo-provinsie. Na raming sal 300 leerders vir die program inskryf. As jy weet van 'n skool in jou streek wat dalk sou belangstel of meer inligting wil hê, stuur asseblief 'n e-pos aan Jacomien de Klerk by jacomien@citrusacademy.org.za.

***FRUIT SOUTH AFRICA* WORD 10**

Lede van die vrugtebedryf en genooide gaste het hierdie week 'n viering in Pretoria bygewoon om die tiende jaar van *Fruit South Africa* te vier. Alhoewel *Fruit South Africa* al langer as 'n platform vir beraadslagings tussen die verskillende vrugtesektore bestaan, is dit in 2014 as 'n organisasie met voltydse personeel gestig – met Konanani Liphadzi wat die HUB-pos beklee het. Sedert Konanani se vertrek, is die HUB-pos deur Fhumulani Ratshitanga gevul.

In haar toespraak het Fhumulani die volgende te sê gehad: "*Fruit South Africa has given itself permission to pause, and truly appreciate the significance of the milestone of our 10$^{th}$ anniversary.*

*In the humdrum of everyday life, we often forget to celebrate ourselves. We've eaten too many bags of salt together as an industry and as partners, to just let this one go by without a bit of fanfare.*

*On our social media platforms – Twitter and Facebook – we've highlighted through storytelling, key snippets of the Fruit South Africa journey in the lead-up to this event. In one of our videos, we ask the rhetorical question, "Who do we thank?" to illustrate that success and milestones such as this one are hardly ever due to the efforts of a single individual. We could go as far back as the 1800s when South African fruit was exported experimentally for the first time. But for today, we'll keep it at the people in this room and the entities that they represent. So, I'd like to express sincere gratitude for my colleagues, our industry stakeholders, the government, and everyone else who has contributed to varying degrees to the Fruit South Africa journey culminating in this milestone."*